

**28 Oktober
(OAV)**

Skrifgedeelte: 2 Konings 23:31 – 2 Konings 25

Fokusgedeelte: 2 Konings 24:2

Die Here regeer

Wanneer ons hierdie paar hoofstukke lees, dan merk ons drie dinge op:

Al die konings van Juda wat in hierdie tyd regeer, is goddeloos. Selfs die mees godvresende koning, Josia, se seun Jojakim is nie godvresend nie.

Ons lees in hierdie hoofstukke hoe die ballingskap oor 'n tydperk van drie en twintig jaar deurgevoer is. Ons kan dit in twee wegvoerings verdeel: Die eerste wegvoering was aan die einde van Jojagin se regering: "En hy het die hele Jerusalem weggevoer en al die owerstes en al die mense van vermoë, tienduisend ballinge, en al die smede en die slotmakers; niemand het oorgebly nie, behalwe die arm mense van die land" (2 Kon 24:14).

Die tweede wegvoering was aan die einde van Sedekia se regering: "En hy het die huis van die Here en die huis van die koning verbrand; ook al die huise van Jerusalem, ja, elke groot huis met vuur verbrand. En die hele leer van die Chaldeërs wat by die owerste van die lyfwag was, het die mure van Jerusalem rondom omgegooi. En die res van die volk wat in die stad oorgebly het, en die oorlopers wat na die koning van Babel oorgeloop het - is in ballingskap weggevoer. Maar uit die armes van die land het die owerste van die lyfwag sommige laat agterbly as wynboere en as landbouers" (2 Kon 25:9-12).

Derdens moet ons opmerk dat alhoewel Nebukadnesar van Babel die wegvoerende koning was, dat dit die Here God was wat toegelaat het dat sy verbondsvolk in ballingskap weggevoer word vanweë hulle volharding in die sonde.

Ook vandag nog is dit God wat regeer; wat regeerders aanstel en ook weer uit die kussings lig. Daarom kan ons die toekoms met vertroue tegemoetgaan - God regeer. Ook ons ewige toekoms is in die hande van die Vader van ons Here Jesus Christus.

Sing: Psalm 99:1

Ds PA Smit (Emeritus)